Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Verskil-argief**
- **Geloofsvorming webblad:** www.noordsingeloof.co.za
- **Lig** & **Kerkbode**
- **Stabilis**: www.stabilis.org.za
- **Badseloop kampterrein**: *nuwe webwerf:* http://www.badseloopjeugkamp.co.za/
- **Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
- **Kerkgeboue in SA:** https://www.facebook.com/Kerkgeboue








**19 Maart 2015**
**Nr 07/2015**

---

**Belangrike kennisgewing:**
Neem asseblief kennis dat die Sinodale Kantoor, Vrydag, **20 Maart** 2015 **gesluit** sal wees.

## Sinodale nuus

### Bybel-lees met 'n verskil:



**Byeenkoms:** Dinsdag, **24 Maart 2015** om **11:00** by **Blue Crane Restaurant**: **Teksgedeelte**: Mark 14:1-15:47

>> *Fanie Cronjé* (083 415 1452) en *Kobus Myburgh* (083 227 7185) ontmoet jou graag daar.

### Taakspan Missionale Gemeentes

Die *Taakspan Missionale Gemeentes* wil graag geleenthede skep waar daar gesels kan word oor hoe 'n gemeente sy missionêre roeping kan uitleef. (Daar is tog 'n paradigma skuif wat moet plaasvind weg van instandhouding af).

** Hier volg **datums van geleenthede waar jy/julle saam kan kom gesels**: **7 en 8 Mei** - *Prof Darell Guder* van Princeton University: hy gaan gesels oor die praktyk van 'n gemeente se missionêre roeping

**** Vir enige navrae:** kontak gerus Dr Willem Pretorius 083 560 6668 of willem007@me.com

---

### Artikel 1 Proses : *Noordelike Sinode* – Vir die inligting en dokumente besoek die volgende skakel:

http://www.ngk-ntvl.com/Belhar%20en%20Artikel%201.htm

## Storie van hoop

### Zama-Zama Hope 4 U Foundation : maak 'n verskil in die Weste van Pretoria

As jy onder die armstes wil werk, is een van die belangrikste dinge om daar by hulle te wees. Op dié manier help die Zama-Zama Hope 4 U Foundation om 'n verskil te maak in die Weste van Pretoria. **Neels Jackson** vertel van hulle werk.

*"Ons stap deur die Zama-Zama-plakkerkamp in die weste van die Moot in Pretoria. Daar is iets van 'n orde tussen die plakkerhuise van hout en sink. Op verskeie plekke is daar groentetuintjies.*

*Dr Jan Botha, predikant van die NG Gemeente Mootvallei, vertel dat daar verskillende soorte armoede is. In party gevalle het mense hulleself daaraan oorgegee. Hulle doen niks om daaruit te kom nie. In ander gevalle, soos hier in Zama-Zama, wil mense nog iets beter hê. Hulle streef na meer…"* [Lees hier verder…]

## Kollega nuus

**Verjaarsdagwense - Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar het:**

23/03 Roef Opperman [Kameeldrif, 082 335 1156, roelf007@gmail.com]
Jan van Breda [Emeritus, 082 468 4315]
Dawie Swart [Emeritus, 082 707 5293]
24/03 Dieter de Bruin [Riviera-Jakaranda, 083 375 3457, debruindieter@gmail.com]
25/03 Deon Strauss [Rustenburg-Proteapark, 083 627 5085, d.strauss@mweb.co.za]
27/03 Deon Groenewald [Renosterpoort, 076 477 0123, groenghoen@lantic.net]
Hendrik Cronjé [Emeritus, 082 695 2567]
==================================================================
22/03 Dorette Horn [Wonderboom, 012-567 2396, emhorn@telkomsa.net]
Vena Grundlingh [Pietersburg-Moeder, 015-291 3445, carelgrundlingh@gmail.com]
26/03 Siebert Wiid [Kameeldrif, 012-544 1300, liesel@krause.co.za]
Jessica Pretorius [073 529 6075, willempretorius12@gmail.com]
27/03 Wilhelm van Niekerk [012-329 3095, marinda@pen.org.za]
28/03 Francisca Harris [015-491 5631, chris@ngpottiessuid.org.za]

## Emeriti nuus

Die **Taakspan Predikantebegeleiding** wil graag inligting gee oor die doen en late van afgetrede dominees. Die bydraes word versorg deur *Louis van Deventer* [louisvand@absamail.co.za].

Hier is ds **Johan van Loggerenberg** se kleurryke verhaal:



Hy is 'n Bolander; op Ceres gebore, maar toe 'n Vrystater geword en in Bloemfontein groot geword. Hy voltooi 'n BA-admissie in 1965 aan UOVS. Sy BTh en Lisensiaat in Teologie voltooi hy in 1969 aan die Universiteit van Stellenbosch; ook 'n MTh aan US in1972. In 1991 behaal hy 'n MPA (Publieke administrasie) aan UOVS. Johan het aanhou studeer en voltooi ook die volgende kursusse: Sertifikaat as organisasie en ontwikkelingskonsultant; SANW Gesamentlike Stafdiens; Traumaberadingsterapie; Brugbediening en Siekesorgbediening.

Ds Johan bedien die volgende gemeentes: Waterberg-Noord 1970-73; Parys-Oos 1973 -78; Bethlehem-Noord 1978-84; Zeelandsnek/Infanterieskool 1984-86; 3 Militêre Hospitaal Bloemfontein 1986 -90; Pretoria-Oos se Europa-wyk, dit is buitelandse bediening (Paris, Europa) gekoppel aan Pretoria-Oos gemeente 1990 -93; en weer buitelandse bediening vanuit Pretoria-Oos 1993-95; Noordoos Pretoria 1995- 2015.

In die loop van jare het Johan ook groot verlies en hartseer ervaar. Gedurende die laaste paar jaar ondervind hy ook beproewing ten opsigte van gesondheid. Ons ken egter vir Johan as iemand wat hom nie laat onderkry nie, maar wat onverpoosd, moedig en toegewyd voortgaan met sy lewe en sy werk.



Johan is getroud met **Werda**. Hy is vol lof vir haar as eggenoot, toegewyde roepingsgenoot en ma vir hulle kinders. Hul kinders is Faunita, Minda en Marianne.

Ds Johan was/is bedrywig in die breër kerkverband. Só dien hy op die Sinodale Regskommissie, Fondse kommissie, Gemeente-begeleiding, Brugbediening en SKDBM. Hy dien ook op die direksie van die diensraad vir gemeenskaps-betrokkenheid. Hy is sedert 1990 betrokke by Sending in Frankryk - dis 'n bediening aan Suid-Afrikaanse sendelinge van die NG-Kerk in Frankryk. Tans is hy baie betrokke by die opleiding van predikante vir Brugbedieding (interim ministry).

Johan het interessante stokperdjies. Dis onder meer natuurfotografie, natuurbewaring, jag, hengel, en hy doen ook mooi leerwerk.

Johan sê: *"ek het 'n passie vir die bediening; ek is lief vir mense; traumaberading en siekesorg lê my na aan die hart. Die 45 jaar in die bediening was een groot voorreg en vreugde. Ek sien uit na my nuwe rol as oorgangsbestuurder in Noordoos Pretoria om so die gemeente te begelei na 'n nuwe toekoms."*

Johan be-oog om na Desember 2015 sy stokperdjies te beoefen, te reis saam met sy vrou en nog beskikbaar te wees vir prediking en advies aan gemeentes.

## Gemeente-nuus

**Stellastraat (Suidoos-Pretoria): Vakature – Orrelis**

Die orrelis is verantwoordelik vir die sang en musiek tydens die eerste oggenddiens en ander geleentheidsdienste. Begeleiding op die pyporrel is die vertrekpunt. Die orrelis is verantwoordelik vir die kreatiewe uitbou en ontwikkeling van die musiek by die eerste diens en moet as deel van 'n span kan funksioneer.
**Vereistes:** Die kandidaat moet verkieslik oor die volgende kwalifikasies, vaardighede en ondervinding beskik.

- 'n Vierjarige BMus-graad met orrel as hoofvak op 3de jaar of byvak op 4de jaarsvlak of enige ander toepaslike kwalifikasie
- Die begeleiding van gemeentesang met 'n pyporrel
- Vermoë om klavier te speel sal 'n aanbeveling wees
- Ondervinding met die afrigting van gemeentekore en of sanggroepe sal 'n aanbeveling wees
- Toegang tot 'n netwerk van musikante

**Vergoeding**: Onderhandelbaar volgens die riglyne van die Suid Afrikaanse Kerkorrel Vereniging (SAKOV)
**Aansoeke**: Volledige CV's kan gestuur word aan:

- Die Sameroeper Musiekpos: Eredienswerksgroep
- Per pos: Stellastraat 158, Waterkloof, 0181
- Per e-pos: admin@stellastraat.co.za
- Per faks: 012 346 2701

**Sluitingsdatum**: 24 April 2015
**Navrae**: Dawn Taljaard (na 19:00) 0832571246 / Marina de Wet 0825052616 / James Kirkpatrick 0828527947

---

❖ **Rustenburg-Bergsig**: Hiermee 'n uitnodiging na 'n **Keirsey Temperament Evalueringswerkwinkel** (Basies en Gevorderde Kursus) wat op **15 & 16 April 2015** aangebied word. Die kursus word deur Antoinette Struwig ('n Maatskaplike werker in privaat praktyk) aangebied.
** Hierdie Werkswinkel is ook geakkrediteer vir die volgende **Punte**:

· 5 + 6 VBO punte vir Ned Geref leraars
· 4 + 5 VPO punte vir Maatskaplike Werkers
· 10 PCD punte vir AGS-Pastore

**Navrae en inskrywings**: prop Nadine Mills by nadine@ngbergsig.co.za of (tel)014-597 1236

---

❖ **Rietfontein-Noord**: **Karwas Werkskeppingsprojek** – Saterdag, **21 Maart 2015** vanaf 08:30-12:00, h/v 24ste Laan en Louis Trichardtstraat, Rietfontein. Was = R20; Was en suig = R35.

---

❖ **Suidoos-Pretoria (Stellastraat)** beskik oor 'n **vakature** vir 'n **Finansiële beampte** met ingang 1 April 2015.
* **Aansoeke sluit** Woensdag 25 Maart 2015 om 16:00**.**
* **Stuur CV en ondersteunende dokumente elektronies** na *james@stellastraat.co.za*
* **Vir meer inligting kontak:** dr James Kirkpatrick (082 852 7947)

## Gebedslys

**Voorbidding word gevra vir die volgende:**

- Christene wat wêreldwyd vervolg word;
- Nuwe Beheerliggame by die skole;
- Plekke waar dit baie droog is;
- Artikel 1 stemmingsproses;
- Ebert van der Westhuizen was gedurende dié week weer in die hospitaal vir 'n prosedure waar daar 'n groot hoeveelheid vog van sy long af getrek is. Hy verduur baie pyn en ongemak.
- Etienne van Staden (Dendron) se vrou, Sannie-Esther, wat tans kankerbehandeling ontvang.

## Sake vanuit die kantoor van die Algemene Sinode

**GREEN4CHRIST – Video kompetisie : "*Die aarde behoort aan die Here*" (Ps 24:1), maar wat doen jy om die aarde te bewaar?** As jy tussen 10 en 18 is, maak 'n 3 min. video oor 'n groen projek.
* Laai video op Bediening vir Armoede en Sorg se Facebook (https://www.facebook.com/pages/Bediening-vir-Armoede-en-Sorg)
* **Sluitingsdatum**: **6 Mei 2015**
* Wenners sal op Wêreld Omgewingsdag, 5 Junie 2015 aangekondig word.
1ste Prys R5000
2de Prys R3000

3de Prys R2000
(50% van die prys is vir 'n GROEN PROJEK)
* Geborg deur die Algemene Sinode se *Taakspan Ekologie van die Bediening vir Armoede en Sorg*
** **Navrae**: Mizelle Prinsloo, 021 957 7113, omgee@kaapkerk.co.za
Die kompetisie sluit aan by die pinksterreeks vir 2015 – "Die aarde behoort aan die Here"

---

**Aandag alle gemeentes - Vroeë Kindontwikkeling (ECD) Beweging vir die NG Kerk:**
Die vorige Algemene Sinode het 'n taakspan (KMDR UK en enkele ander lede) die opdrag gegee om ondersoek te doen oor hoe gemeentes gehelp kan word om prakties by armoede*voorkoming* betrokke te raak…..
** Om hierdie nuwe beweging in die Familie van NG Kerke te loods, het die Taakspan besluit om groot werkswinkels in verskeie provinsies te hou. Die **afskopgeleentheid is 22 April 2015** in **Kempton Park** met Tutela van die Hoëveld Sinode as gasheer. (Besonderhede volg en ander werkswinkels se datums sal later deurgegee word.) [Lees hier verder..]

## Bybel-Media

Hierdie week is die fokus op die jongste *Kerkbode*, April-uitgawe van *LiG* en twee Bybelkor-publikasies beskikbaar.
[Lees hier meer…]

## Ander nuus

**Jesus, the Crucified** 'n produksie van **Stage Door at the Church-Theatre**. 'n Passiespele met jongmense uit die gemeenskap.



**Datum: 28 Maart 2015** (14:30 vir 15:00)
**Waar: The Church-Theatre,** h/v Stanza Bopape- en Wesselsstrate, Arcadia, Pretoria (oorkant die Sheraton Hotel)
**Kaartjies** is beskikbaar by The Church-Theatre gedurende kantoorure of by die deure op 28 Maart.
**Navrae en verdere inligting**: Skakel 082 063 5458 of stuur 'n epos na somethingmagic@webmail.co.za
[ Lees hier meer]

---

**Struwig Eko-Reservaat**
Vir diegene wat begin uitsien na vakansie: **Struwig Eko-Reservaat**, deels in die besit van die NG Kerk, is geleë op die oewer van die Olifantsrivier in die Balule, deel van die groter Kruger Nasionale Park-gebied. Dit is Groot Vyf-wêreld en bied uitstekende geriewe vir 'n lekker gesinsvakansie, kampe, beplanning en meer. Lidmate van die NG Kerkfamilie kry korting op die normale prys. Wildritte, 'n swembad, begeleide stappe deur veldgidse, 'n kok wat vir jou kan kos maak ... Beslis iets om te oorweeg!

---

**Doulos gemeenskapsprojek bied met trots aan**
**1. Gratis Opleiding en Werkskeppings Geleentheid -** Opleiding neem 'n aanvang Maandag **4 Mei 2015** om 10:00 te Codoniastraat735,Waverley
**2. Opleiding van Dagmoeders -** Inligtingsessie vind plaas **24 Maart** om 10:00 te hoek van Martini Henry en Strachanstraat, Elandspoort.
**Algemene navrae**: Heleen Huyser, Doulos, www.armoedebediening.co.za, 082 443 8874. [Lees hier meer…]

---

**#imagine 2015**
**Registrasies oop vir 2015 se #IMAGINE Jeugfeeste: 10-12 April 2015**

- **Registrasies vir die #imagine jeug feeste, wat plaasvind in Gauteng, Weskaap en Oos-Kaap in April, is nou oop.** Van 10 – 12 April 2015 gaan tot 20 000 tieners en jeugleiers saamtrek in drie verskillende plekke in Suid Afrika om die lewe saam te vier. Tieners van regoor die land kan nou gaan na die iTicket webwerf om hulle plekke te bespreek vir die naweek se **#imagine** feeste: http://itickets.co.za/events/336933.html
- Die prys vir die naweek beloop R350 per persoon, en sluit alle maaltye in. (Registrasies na 1 April: R400 p.p.). Besoek gerus die **#imagine** webwerf (http://imaginemovement.co.za/) vir meer inligting oor die registrasie proses, asook om die vorms te kry indien nie van die aanlyn registrasie opsie op iTicket gebruik maak word nie.
- **Vir meer inligting**, kontak vir Fouche de Wet, 073 234 0156, fouche@stellastraat.co.za

---

**"Fresh Expressions" van die Kerk 2015 -** U word hartlik uitgenooi om die volgende kursus by te woon:
Afskop op **04 Maart 2015** te **Polokwane** met 'n naweek te **Heron Bridge 29-31 Mei 2015**
** **Afsluiting: Woensdag 30 September 2015**

** **VBO-punte**: 60 punte
** **Kontak** Hannes Bezuidenhout, 083 382 1275, hannes@ngnoord.co.za

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

-------------------------------------------------------------------------------------------------------------

- **Lys van leraars wat aangedui het dat hulle beskikbaar is** om **deeltyds of op 'n kort termyn** uit te help - **Kliek hier**

- **Vakatures op Kerkbode se webwerf:** Heelwat vakante poste oor die land heen is tans beskikbaar. Die amptelike bekendmaking van vakatures vir predikante is by *www.kerkbode.co.za*. Klik by ***Amptelik – Vakatures***.

## Ten slotte

"*People will forget what you said; People will forget what you did. But people will never forget how you made them feel*." – dalk geld hierdie stelling ook in die diereryk… [kliek hier]

# BYLAES

## Bybel-Media Nuusbrief 5/2015

## Lees in die jongste *Kerkbode* van 20 Maart ...

### Kaapse brande:

Die onlangse brande in die Kaapse berge het verskeie gemeenskappe op verskillende maniere bedreig. Toe ŉ groep bejaardes in Vishoek na veiligheid geneem moes word, was daar ŉ gemeente wat vir hulle blyplek en kos verskaf het.

### Waarom is Jesus gekruisig?

In die aanloop tot Paasfees fokus hierdie uitgawe uitvoerig op Jesus Christus, sy kruis en opstanding. Dit wissel van prof Dirkie Smit se optrede by die Natalse predikantekonferensie oor Christologie, tot by artikels oor waarom Jesus gekruisig is, wat die teologiese betekenis daarvan is, ŉ besoek aan die Kerk van die Heilige Graf in Jerusalem en ŉ historikus wat die gegewens oor die kruisiging en opstanding bespreek.

### Brugbouers:

In ŉ land met diep rasseklowe is daar kerkmense wat brûe bou met marimbas en rapmusiek. Lees hulle verhaal.

### Lees ook:

- Noord-Kaap sien die VGKSA nie as naaste familie nie
- Cas Vos skryf ŉ boek oor waarom hy glo.
- Vir Sarah Jane Wessels was God getrou
- ŉ Malawiër kom tuis in die 'Dutch Church' in Newcastle

## Lees in *LiG* se Paasuitgawe ...

In die April-uitgawe vertel Ballade vir 'n Enkeling se Dorette Potgieter hoe sy as enkelma staande bly.

### Lees ook:

So vier ons Paasfees! Idees vir gesinne
Christenvervolging – wat martelaars ons leer
Ma is die broodwinner, Pa maak kinders groot. Hoe nou?
Raad met jou Kallie Kermkous

## Jongste Bybelkor-publikasie

### 1 Korinthiërs

*Om kerk in die wêreld te wees*

Die gelowiges in Korinte, 'n welvarende hawestad waar 'n groot gebrek aan goeie waardes geheers het, moes talle uitdagings oorkom. In Paulus se antwoord aan die Korintiërs op hulle probleme, leer hy ons wat vandag leef ook hoe om kerk van Jesus Christus te wees in 'n wêreld wat Hom nie ken nie.
Pluspunte:

- 23 studies oor wat ons as gelowiges kan leer uit die leiding wat Paulus vir die Korintiërs gegee het te midde van hulle moeilike omstandighede en spesifieke probleme.
- Praktiese raad oor hoe om as Christene te leef in 'n wêreld wat God nie ken nie.
- Spesiaal ontwerp vir kleingroepe, maar kan ook deur individue gebruik word.

Prys: **R68,00** (BTW en posgeld ingesluit). Reeds beskikbaar – bestel nou!

### *Kookpunt!* ... Cas Wepener

*Nadenke oor woede*
Mense oor die hele spektrum is kwaad ... oor verskillende sake. Maar mag gelowiges kwaad word? En hoe? En mag ons hierdie woede-emosies wys?

Met *Kookpunt* wil Cas Wepener ons help om sinvol kwaad te word en ons aanmoedig om op 'n spesifieke manier kwaad te word; om emosies wat gewoonlik afgekeur word eerder ten volle te beliggaam.

Prys: **R125,00** (BTW en posgeld ingesluit). Bestel hierdie tydige publikasie nou!

## Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.co.za

Terug

## ZAMA-ZAMA: HOPE 4 U FOUNDATION (NPO)

## Wees by hulle, wees lief vir hulle (Neels Jackson: Redakteur Die Kerkbode)

Posted on March 6, 2015March 9, 2015



>> *Dr Retha Kruidenier en Pastoor Florence Maphosa*

**As jy onder die armstes wil werk, is een van die belangrikste dinge om daar by hulle te wees. Op dié manier help die Zama-Zama Hope 4 U Foundation om 'n verskil te maak in die Weste van Pretoria. Neels Jackson vertel van hulle werk.**

Ons stap deur die Zama-Zama-plakkerkamp in die weste van die Moot in Pretoria. Daar is iets van 'n orde tussen die plakkerhuise van hout en sink. Op verskeie plekke is daar groentetuintjies.

Dr Jan Botha, predikant van die NG Gemeente Mootvallei, vertel dat daar verskillende soorte armoede is. In party gevalle het mense hulleself daaraan oorgegee. Hulle doen niks om daaruit te kom nie. In ander gevalle, soos hier in Zama-Zama, wil mense nog iets beter hê. Hulle streef na meer.

Toe hulle daar wou begin werk, vertel sy kollega, dr Retha Kruidenier, het hulle by dr Stephan de Beer van Tukkies se Sentrum vir Kontekstuele Bediening gaan kers opsteek. Wat moet hulle doen? Hoe moet hulle betrokke raak, wou hulle weet.

Gaan wees net daar, was die raad wat hulle gekry het. Beoefen 'n bediening van teenwoordigheid. Die Here sal mense oor hulle pad stuur saam met wie hulle kan werk.

En dit is hoe die Zama-Zama Hope 4 U Foundation in hierdie arm gemeenskap betrokke geraak het. Die ooreenkoms tussen die name van die plakkerkamp en die stigting is nie beplan nie. Die plakkerkamp is maar een van verskeie plekke en gemeenskappe in die arm weste van Pretoria waar hulle betrokke is, vertel Botha.

Hy gaan haal die geskiedenis vyf jaar gelede toe hulle begin het met Moot Care, ’n projek met steun van die Noordelike Sinode waardeur hulle die Sentraal-Moot bedien het. Dit het veral gegaan oor werkloosheid, toerusting en opleiding en jeugwerk saam met Echo-Jeug-ontwikkeling.

Kruidenier was aanvanklik net ’n betrokke lidmaat wat by die teologie-afdeling in Tukkies se biblioteek ge-werk het. Later het sy self ’n meestersgraad in teologie en ’n doktorsgraad in pastoraat gedoen en vandag is sy, hoewel nie amptelik ’n predikant nie, deel van die bedieningspan van die NG Gemeente Mootvallei.

’n Paar jaar gelede het drie gemeentes in die Moot gekombineer om Mootvallei te vorm en toe het hulle by die Ring van Daspoort ingeskakel. Daarmee saam het hulle fokus ook weswaarts geskuif.



*>> Spanlede in Danville*

### Probeer-probeer

Van die begin af het hulle gesê daar is baie meer armoede in die weste, vertel Botha. Aanvanklik het hulle gepraat van Mootcare-wes, maar later het hulle besef ’n nuwe naam is nodig. Dit is hoe die Zama-Zama Hope 4 U Foundation tot stand gekom het. Zama-Zama beteken letterlik “probeer-probeer”.

Dit is nou twee-en-’n-half jaar gelede en die stigting is as ’n nie-winsgewende organisasie geregistreer. Hulle werk in verskeie gemeenskappe. ’n Plakkerkamp soos Zama-Zama is maar een daarvan. By die NG Gemeente Wespoort in Danville is hulle een van verskeie vennote in die netwerk van ondersteuning. En dan is hulle ook in verskeie skole in die gebied betrokke.

Proponent Yvette Bosman werk byvoorbeeld by ’n voedingsprojek by Wespoort en by van die skole in die om-gewing. En of dit onderwysers is wie se hande sy help sterk maak, of dit ’n siek en arm persoon is vir wie sy kos vat, en of dit kinders uit moeilike omstandighede is met wie sy werk, dieselfde boodskap klink telkens op: Dit is jou daarwees wat die belangrikste is, jou tyd, jou liefde en aandag. ’n Bediening van teenwoordigheid.

Een van Zama-Zama Hope 4 U se groot vennote is die Noordelike Sinode van die NG Kerk, maar hulle werk ook saam met besighede en private skenkers, veral mense wat kos gee.

Daar is ’n groot netwerk van mense wat gee om die armoede te help verlig en bestry, sê Botha. Die woord “netwerk” is een wat ’n mens telkens hoor. Netwerke is een van die sleutels tot die werk in sulke arm gemeenskappe.
Ons stap deur die Zama-Zama plakkerkamp en dan deur ’n stukkie veld tot by ’n ou huis waar ons een van die mense ontmoet wat die Here oor hulle pad gestuur het.

### Pastoor Maphosa se kerk

Pastoor Florence Maphosa (38) kom oorspronklik uit Zimbabwe uit. Sy het in 2000 Suid-Afrika toe gekom en die laaste vier jaar is sy in Zama-Zama.

Toe sy daar gekom het, vertel sy, het sy gesoek na ’n kerk om by in te skakel. Toe sy niks kry nie, het sy besef dat sy ’n kerk moes begin. Aanvanklik was dit ’n selgroep in ’n kamer. Later het dit groter geword en moes hulle ’n ander plek vind. Uiteindelik het hulle ’n tent in Zama-Zama begin gebruik.

Toe hulle begin het was Zama-Zama ’n onvriendelike en gewelddadige gemeenskap. Sy onthou ’n geval toe ’n vierjarige kind verkrag is. As hulle Sondae wou kerk hou, het van die mense doelbewus hulle radio’s hard gestel. Van Vrydagmiddag af was die mense aan die drink, vertel sy.

Maar dinge het geleidelik verander. Sy het met die mense gaan praat en hulle sover gekry om hulle radio’s sagter te draai terwyl hulle kerk hou.

Aanvanklik het hulle soms drankbottels in hulle tent gekry as hulle wou gaan kerk hou. Die mense het net daar gesit en drink. Later het die drinkers vir hulle kom sê hulle het hulle drankbottels opgeruim sodat Florence-hulle daar kon kerk hou.

Soos suurdeeg het die kerk se teenwoordigheid stadig maar seker deurgewerk. En ’n groot deel daarvan het te doen daarmee dat Maphosa in die week Zama-Zama se kleuters versorg.

Sy vertel dat daar vroeër niemand was wat bedags die kinders versorg het nie. Aanvanklik het sy begin om een maal per week na die kleintjies om te sien. Maar toe die mammas van Zama-Zama vra dat sy ’n crèche begin, het sy dit gedoen. Sy het ’n kortkursus in kindersorg gedoen en vandag bied sy ’n veilige hawe vir verskeie kleuters van Zama-Zama.

Waar dele van Zama-Zama se gemeenskap vroeër openlik vyandig was teenoor haar en haar kerk, het hulle haar nou lief, vertel Maphosa met ’n breë glimlag.

### Temba se storie

Maar dit is die storie van Temba wat die metafoor word van die werk wat Maphosa, Zama-Zama Hope 4 U en die hele netwerk van mense en instansies in hierdie en ander arm gemeenskappe in die weste doen.

Temba was ’n seun van sewe, vertel Maphosa. Hy was verstandelik gestrem en sy ogies skeel. Sy ouers het bedags gewerk en dan was hy alleen. Die ander kinders het van hom af weggehardloop. As hulle naby hom kom, het hy hulle geslaan.

Sy het haar oor hom begin ontferm. Toe sy hom die eerste keer ’n drukkie gegee het, het hy dit glad nie geken nie. Maar sy was geduldig en het aangehou om hom met liefde te versorg.

’n Maand se volgehoue liefdevolle aandag het Temba uit sy dop laat kruip. Hy het geleer om ander mense ook drukkies te gee. Hy het ’n gelukkige liefdevolle kind geword wat saam met ander kinders speel.
En sy ouers het kom dankie sê.

Soos Temba verander het, het die vyandige en disfunksionele gemeenskap van Zama-Zama ook begin ver-ander. Die geweld in die gemeenskap het minder geword. Verkragtings soos dié van die vierjarige kleutertjie gebeur ook nie meer nie, sê Maphosa.

Die liefde wat Maphosa deur haar kerk en crèche in die gemeenskap uitstort, die liefde wat Zama-Zama Hope 4 U en verskeie ander vennote op verskillende maniere na die gemeenskap laat vloei, maak ’n verskil.

Zama-Zama ondersteun vir Maphosa op konkrete maniere deur byvoorbeeld kos en klere, vertel Botha, maar as ’n mens die vriendelike interaksie sien tussen Maphosa en Kruidenier, die Zimbabwiese pastoor en die Afrikaanse vrou wat by haar op die bank sit, dan besef jy die verhoudings wat gebou word, die nie-tasbare maniere waarop mense se hande sterk gemaak word, tel dalk soveel meer.

### 90% is netwerke bou

Buite wys Botha die watertenks wat vir die gemeenskap van Zama-Zama opgerig is. Vroeër was daar geen watertoevoer vir die mense nie. Maar toe was daar ’n onderneming wat bereid was om boorgate te laat boor sodat die mense water kon kry. ’n Ander het geld gegee vir sonpanele sodat daar krag kan wees om die water uit te pomp.

In hierdie gevalle het hulle ’n netwerkrol gespeel om te help dat die dinge gebeur, vertel Botha. Seker 90% van hulle werk is om netwerke te bou, te koördineer, sê hy.

Iets daarvan sien ’n mens ook in die groot vraghouer wat aan die een kant van die plakkerbuurt staan.

Dit was ’n skenking. ’n Groep lidmate van Mootvallei het gekom en dit omskep in ’n kliniek. Hulle het dit geverf, vensters en ’n vloer ingesit en nou het dit ’n punt geword waar die Daspoort-polikliniek – nog een van die vennote in die groot ondersteuningsnetwerk – verskeie dienste aan die gemeenskap lewer. Dit wissel van klinieke vir swanger vroue tot MIV-toetse en mediese dienste vir kinders en vir mense met tering.

Zama-Zama Hope 4 U self lewer hoofsaaklik pastorale diens, sê Botha, byvoorbeeld in die geval van trauma soos as iemand met ’n mes gesteek is.

Daar is ook voorkomende werk wat gedoen word, dienste wat die gemeenskap help om gesond te leef sodat daar minder slegte goed gebeur.

Hy vertel van drie studente wat aangestel is (twee uit die Verenigende Gereformeerde Kerk) wat Saterdae met die kinders kom sokker speel. Ook vir die mans in die gemeenskap probeer hulle, in oorleg met die gemeenskap self, aktiwiteite soos sokker reël om hulle konstruktief besig te hou.

Gemeenskapswerk soos hierdie is een been van Zama-Zama Hope 4 U se werk, sê Botha.

Nog een is opleiding – en dit wissel van kursusse in lapverf en naaldwerk wat Mootvallei se vroue in ’n gemeenskap soos Zama-Zama gaan doen, tot by opleiding by skole in kwessies soos gesag en dissipline, seksualiteit en higiëne.

Dit strek ook tot by die geleenthede wat geskep word vir studente om van hulle praktiese werk te kom doen tot by geleenthede vir nagraadse studente om te kom navorsing doen.

Verder wil hulle ook ’n sentrum van hoop wees wat veilige ruimtes skep vir mense om te kom praat, of dit nou by ’n omskepte vraghouer in ’n plakkerkamp is of by ’n kleuterskool of by skole.

En deur dit alles – deur die netwerke, deur die watertorings, deur die daarwees help hulle mense om gesond te word. Soos Temba.

Terug

## “JESUS THE CRUCIFIED” by Nymph Kellerman with Kenneth Maine in the role of Jesus

**“Jesus the Crucified”** is an Indoor/Outdoor Music Drama that portrays the crucifixion of Jesus Christ as found in the Gospels of the Christian Bible.

It begins at the Last Supper which is followed by Jesus' appeal in the Garden of Gethsemane for the cup of suffering be taken away from Him. His trials before Joseph Caiphas, Herod Antipas and Pontius Pilate is followed by the flogging and mocking of the Roman soldiers. Once the cross is given to Him, the full route of the Way of Sorrow is done by both cast and audience until the procession reaches the top of Calvary where the Crucifixion takes place in a portrayal of the entire drama as found in the Gospels.

The “theatre” is a real-life contextual setting, not unlike the the street of Jerusalem at the time of the historical crucifixion. For this purpose we use the church, the Union Building Gardens and the Sheraton Hotel – symbols of the political, business and religious powers that highlight the meaning of the Cross of Jesus for today.

After the burial of Jesus, cast and audience return to base to listen to the **“Hallelujah, God's Almighty Son”,** the closing number of the oratorio **“Christ on the Mount of Olives”** by **Beethoven** which represents the Resurrection of Christ.

The audience is part of the production throughout. This interaction between performers and audience intensifies the individual's experience of the suffering of our Lord.

**The lead actors:**
Jesus – Kenneth Maine
Joseph Caiphas – Charles Hermanus
Pontius Pilate – Mark Barker
Kind Herod – Charles Hermanus
Mary, Mother of Jesus – Nymph Kellerman
Mary Magdalene – Dakalo Mundau
The Apostle John – Martiens Swart
The Apostle Matthew – Rams Masemola
Simon of Syrene – Sidney Mashegwane
Veronica – Arlette Mbelu
Joseph of Arimathaea – Godly Tloubatla

**When: 28 March 2015 at 14h30 for 15h00**
**Where: The Church-Theatre, c/o Stanza Bopape- and Wessels Strs, Arcadia, Pretoria (opposite the Sheraton Hotel)**
Tickets available from the Church-Theatre during office hours, or at the door on 28 March 2015. For more information, contact us on 082 063 5458 or send an email to somethingmagic@webmail.co.za

Terug

KMDR
Kerklike Maatskaplike Diensteraad
Council for Church Social Services

**Dr Botha van Aarde** ***[Uitvoerende Beampte, sel 0828806672, e-pos botha@tutela.org.za]*** skryf soos volg aan **alle gemeentes:**

Kollegas

**VROEË KINDONTWIKKELING (ECD) BEWEGING VIR DIE NG KERK**

Die vorige Alg Sinode het 'n taakspan (KMDR UK en enkele ander lede) die opdrag gegee om ondersoek te doen oor hoe gemeentes gehelp kan word om prakties by armoede*voorkoming* betrokke te raak.

Na 'n deeglike ondersoek met insette van verskeie kante, het die Taakspan tot die oortuiging gekom dat die mees koste-effektiewe manier om armoede*voorkoming* te doen, is om by Vroeë Kindontwikkeling (ECD programme) betrokke te raak. Die beste manier om armoede te beveg is hoër onderwys en opleidingsvlakke, wat aan mense uiteindelik die geleentheid tot beter werksgeleenthede en entrepeneurskappe bied. Om dit reg te kry moet kinders aanvanklik op 'n hoër skoolgereedheidsvlak die onderwyssisteem betree. En dit is presies hier waar gemeentes, met kundigheid binne die gemeente en sonder grootskaalse uitgawes, 'n groot bydrae tot armoedebestryding kan maak. Hierdie programme sal ook die kerk se grootste bydrae tot die Nasionale Ontwikkelingsplan vir die heropbou van die land kan wees.

As 2000 gemeentes in die NGK Familie bv elkeen jaarliks 10 kinders skool toe kan stuur wat skoolgereed is, beteken dit dat daar jaarliks 20 000 meer kinders in die skoolsisteem sal intree wat op 'n goeie skoolgereedheidsvlak sal wees. En baie van hulle sal uiteindelik matriek haal!

Om hierdie nuwe beweging in die Familie van NG Kerke te loods, het die Taakspan besluit om groot werkswinkels in verskeie provinsies te hou. **Die afskopgeleentheid is 22 April 2015 in Kempton Park met Tutela van die Hoëveld Sinode as gasheer.** (Besonderhede volg en ander werkswinkels se datums sal later deurgegee word.) Gemeentes en die lidorganisasies van die KMDR word uitgenooi om te kom deelneem. Ons wil inligting uitruil en by mekaar leer.

Wat die KMDR UK baie opgewonde maak is die moontlikheid wat die beweging bied om die maatskaplike werkdienste (gesinsorgdienste) weer in nouer kontak met gemeentes te laat werk. Ons gaan gemeentes aanmoedig om ongetwyfeld aan te klop by die maatskaplike werkers en hulpwerkers van die kerklike gesinsorgdienste om hul kundige hulp te vra.

Ons wil so wyd as moontlik gemeentes en plaaslike takke uitnooi, so merk asseblief 22 April in jul dagboeke.

Dankie dat julle saam met ons opgewonde is oor hierdie nuwe beweging in ons stryd teen armoede.

Terug

## Doulos Armoedeverligting

### Doulos gemeenskapsprojek bied met trots aan:

**1. Gratis Opleiding en Werkskeppings Geleentheid -** Opleiding neem 'n aanvang Maandag **4 Mei 2015** om 10:00 te Codoniastraat735,Waverley

- Die doel van die opleiding is om dames en mans op te lei in die vervaardiging van verskeie naaldwerk items (van laslapwerk tot klerasie)
- Die opleiding en die maak van die klere word aangepas na aanleiding van elke persoon se aanleg en passie
- Daar sal nie salarisse betaal word aanvanklik nie, maar as daar mettertyd kwaliteit produkte vervaardig word, sal hierdie items verkoop word en die inkomste daarvan dienooreenkomstig verdeel word aan die deelnemers aan die projek
- Bemarking van die naaldwerkdienste sal behartig word sodat die items wat gemaak word van die hand gesit kan word. Sou daar 'n bekwame span op die been gebring word, kan die moontlikheid van vaste kontrake oorweeg word waaruit die deelnemers 'n inkomste uit kan verdien
- Met die aanvang van die klasse sal met die deelnemers ooreengekom word watter dae en tye die opleiding behartig sal word
- Gratis vervoer word verskaf aan deelnemers van East Lynne, Silverton en Kameeldrift
- Opleiding sal dan plaasvind oor 'n tydperk van 6 – 8 maande
- Die deelnemers wat deurdruk sal verseker wees van 'n inkomste en deurlopende werksgeleenthede.

>> Belangstellendeds kan Magriet skakel by: 076 919 7867 of Heleen by 082 443 8874

**2. Opleiding van Dagmoeders -** Inligtingsessie vind plaas **24 Maart** om 10:00 te hoek van Martini Henry en Strachanstraat, Elandspoort.
Doulos gaan oor 'n periode van 6 weke belangstellende persone op lei om met hulle eie Dagmoeder besigheid te begin. Die doel van die opleiding is bemagting asook die oordra van waardevolle vaardighede wat mense in staat sal stel om 'n inkomste te verdien.

- **Onderwerpe aangeraak**: Begroting; Voeding; Dissipline; Hantering van buite beheer situasies; Noodhulp; Herkenning van mylpale en uitvalle.

Daar sal nog baie meer onderwerpe bespreek word. Die kursus bestaan uit twee dae ‘n week – een dag teorie en een dag prakties in Centurion by ‘n kleuterskool. Na afloop van die kursus bied Doulos dan hulp aan soos donasies toelaat met die verskaf van toerusting vir die persone om met hulle speelgroepies te begin. Deurlopende ondersteuning word ook gebied met betrekking tot lesplanne en ander inligting soos benodig. ‘n

>> Belangstellendes kan Heleen by 082 443 8874 skakel. Koste vir die kursus beloop R300

**Algemene navrae**: Heleen Huyser, Doulos, www.armoedebediening.co.za, 082 443 8874

Terug

## TEKSLEES GELEENTHEID

As uitvloeisel én onder die vaandel van Noordelike Sinode se fokusarea Geloofsvorming

### Preek-maak geleentheid met die oog op Paasnaweek 2015

Leraars word uitgenooi om van **Maandag 16 Maart 2015 tot Dinsdag 17 Maart 2015** te kom deelneem aan ’n gesamentlike eksegese en preek-maak geleentheid te Good Shepherd Retreat Centre by die Hartbeespoortdam.

Ons doelwit is om ten minste 'n preek met die oog op Donderdagaand voor Goeie Vrydag en een met die oog op Paassondag voor te berei. Ons nooi jou hartlik uit om aan die opwindende tekslees te kom deelneem. Jou bydrae sal sonder twyfel vir kollegas van waarde wees.

Die besonderhede is as volg:
**Datum**: Maandag 16 Maart 2015 en Dinsdag 17 Maart 2015
**Plek**: Good Shepherd Retreat Centre
**Tyd**: Begin Dinsdagoggend om 09:30 en sluit Woensdag om 13:00 af - *Jy moet asseblief vir die volle duur van die tekslees geleentheid teenwoordig wees. Indien jy op eie koste kom is jy welkom om te kom en gaan soos jy verkies*.
**Bring saam**: Eie handoek en toiletware; Verversings en drank (daar is ’n yskas in die konferensie vertrek); Bybel en rekenaar/skryfgoed (tekste wat gelees word volg later).
**Etes voorsien**: Maandag - middagete en aandete. Dinsdag - ontbyt. Verversings tussenin.
**Koste**: *Predikante van Noordelike Sinode* woon die geleentheid op sinodale onkoste by.
**Vervoer**: Ry asseblief saam en reiskoste sal dienooreenkomstig deur sinode betaal word.
**Ander kollegas**: R520.00 p/p. Sluit in etes soos hierbo aangedui en eie slaapkamer en badkamer.
**Bespreking**: Kontak ons vandag nog en bespreek jou plek (Fanie Cronjé - 083 415-1452 en Kobus Myburgh - 083 227-7185).

Hoop regtig om hele klomp van julle daar te sien!

Terug

## Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- ***Hennie Horn*** (afgetree by Pretoria-Tuine; nou woonagtig in Montanapark/Magalieskruingemeente) beskikbaar vir enige afloswerk en preekbeurte in en om Pretoria. Sel 0827439238; landlyn 012 5485796; e-pos henniehorn@telkomsa.net.
- ***Frans Du Plessis***, *Uitvoerende Sekretaris vir Kommunikasie by KAMCARE*, is beskikbaar vir preekbeurte. Kontak hom by 012-756 4207, 084 870 5003, frans@kamcare.org.
- ***Jan Viljoen*** is beskikbaar vir preekbeurte/aflos. Kontak hom by 081 241 0676 / 012 310 9114/ dsJanViljoen@gmail.com
- ***Stanley JJ Strydom*** is ‘n beroepbare predikant en beskikbaar vir aflos preekbeurte en kan reis. Kontak hom by 083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com
- ***Ernst Muller*** in samewerking met die Taakspan Diensgetuienis is beskikbaar vir bemoedigende uitreikgerigte boodskappe. Kontak hom by 012-527-0015 / 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za
- Emeritus ***Bertus van der Westhuyzen*** is beskikbaar vir afloswerk landswyd, sowel as in Namibië. Kontak hom by b@telkomsa.net of 082 788 4466
- ***Corrie Greeff (beroepbaar)*** is beskikbaar vir *afloswerk en preekbeurte*. Kontaknommer: 0829285586. E-pos: cwgreeff@absamail.co.za
- ***Danie van Niekerk*** - gelegitimeerde leraar met volle predikantstatus beskikbaar vir deeltydse of voltydse bediening. Woonagtig in Centurion en is ook beskikbaar vir preekbeurte. Kontak besonderhede: Ds D van Niekerk, epos: vanniekerkmail@gmail.com en selfoon: 082 045 6881
- ***Dr Jannie Botha*** - Pretoria en omgewing. Kontak hom by telefoon: 083 303 9767 of 012 344 3768 of jjbotha@mweb.co.za

- ***Dr Louis van Deventer*** is beskikbaar om af te los in 'n gemeente. *Kontakbesonderhede:* e-pos louisvand@absamail.co.za Landlyn: 012 567 6566. Selfoon: 082 567 0945
- ***Anton Binneman*** is beskikbaar vir aflos preekbeurte. Kontak hom by sel 083 236 3590, of drbinneman@gmail.com.
- ***Francois Schwalb*** het sy Teologiese opleiding by Stellenbosch Universiteit voltooi. Hy werk tans by ZZ2 in Limpopo (Mooketsi - naby Tzaneen) as bemarker. Hy is beskikbaar om af te los of preekbeurte waar te neem by gemeentes in die omliggende area. Kontak hom by francois@zz2online.com of 083 257 8405 / 015-395 8207.

**Teologiese studente en proponente:**
* Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook *leraars* wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.
* Die Fakulteit (Univ van Pretoria) stel, net na die legitimasie gedurende November, wel die name en kontakbesonderhede van die proponente beskikbaar. Dit word dan in die Kerkbode opgeneem en wyd versprei.

Terug

## Ten slotte

# A dog's seeing-eye dog.....Wow!




Lily is a Great Dane that has been blind since a bizarre medical condition required that she have both eyes removed. For the last 5 years, Madison , another Great Dane, has been her sight.  The two are, of course, inseparable.



Terug